Vrye Gereformeerde Kerk
Pretoria - Maranata

ECCLESIA CHRISTI FLUCTUAT NON MERGITUR

Skribaat : Posbus 31487 Totiusdal 0134 | E-Mail : skriba@vgkmaranata.org.za
Kerkkantoor: kerkkantoor@vgkmaranata.org.za | 067 198 2870

21 Junie 2024

Deputate Buitelandse Kerke (hmoes2010@gmail.com / gwenvandenberg55@gmail.com)

**INSAKE: VOORSTEL IVM DIE AANGAAN VAN 'N SUSTERKERKVERHOUDING MET DIE GEREFOMEERDE KERKEN NEDERLAND/DE GEREFORMEERDE KERKEN**

Geagte Deputate

Ons het onlangs u verslag vir Sinode 2024 bestudeer en wil graag die volgende vir julle deurgee.

Die kerkraad stel aan die sinode voor om die voorgestelde besluite van hierdie deputate aan te neem.

Met betrekking tot die hereniging tussen die DGK en GKN in Nederland, stel die kerkraad aan die sinode egter 'n korter tydsverloop voor, naamlik hetsy een van die volgende twee:

1. Sinode Mamelodi 2024 besluit om 'n susterkerkverhouding aan te bied aan die herenigde DGK en GKN, om van krag te word sodra hierdie twee kerkverbande verenig het.

2. Sinode Mamelodi 2024 besluit om 'n susterkerkverhouding aan te bied aan die herenigde DGK en GKN om van krag te word op die eerskomende sinode, DV in 2027.

BEGRONDING

1. Die GKN het reeds 'n susterkerkverhouding aan die VGKSA aangebied.

2. In die verlede was daar 'n susterkerkverhouding met die broeders en susters wat tans in die DGK en GKN is. Hulle het van die GKv afgeskei vir redes wat die VGKSA onderskryf. Dit sal goed wees om die band weer spoedig te herstel.

3. Eerdere VGKSA sinodes het al 'n susterkerkverhouding in die vooruitsig gestel. Die geskeidenheid van die GKN en DGK was egter steeds 'n struikelblok. Noudat dit weggeneem sal word, behoort ons nie die aanbied van 'n susterkerkverhouding langer uit te stel nie. (Handelinge Sinode Belhar 2021, p.48; Handelinge Sinode Soshanguve 2017, p.31)

4. Vanuit ons gemeentes is daar gereelde kontakte oor en weer met Nederland. Verder het sommiges daarheen verhuis, hetsy tydelik of permanent. Dit sal waardevol, betekenisvol en prakties vir ons kerkverband wees as 'n susterkerkverhouding in Nederland weer tot stand gebring kan word.

Alhoewel die mannekrag in die VGKSA beperk is, het die VGKSA tans net 'n direkte susterkerkverhouding met twee buitelandse kerke, terwyl dit in die verlede drie was. Dit sal daarom nie vir die VGKSA te swaar wees om weer 'n direkte susterkerkverhouding met die DGK-GKN in Nederland aan te gaan nie. Voorts sal hierdie verhouding heelwat minder tyd in beslag neem as die tyd wat die GKv die afgelope dekade geverg het.

Ons bid julle die seën van die Here toe op julle arbeid.

Met vriendelike broedergroete namens die kerkraad.

| | |
|---|---|
| Ds PG Boon (voorsitter) | Freek van der Meer (skriba) |